

BESPARINGS EN HUISHOUDELIKE FINANSIES



HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR



MAAK SPAAR 'N GEWOONTE



Dit is belangrik om te spaar en jou geldsake te beplan. Jy kan jou eie geldvoorraad opbou en onbeplande uitgawes betaal sonder om 'n lening aan te gaan of op skuld (krediet) te koop. As jy 'n lening aangaan, vra jy iemand om vir jou geld te gee. Dit is glad nie 'n uitgemaakte saak dat jy die geld sal kry nie, en as jy die lening kry, is daar gewoonlik 'n klomp voorwaardes daaraan verbonde, soos bv. rente wat jy moet betaal. As jy self geld spaar, word daar geen voorwaardes gestel nie, en jy kan jou lewenskwaliteit aanhou verbeter.

HOE OM TE BESPAAR



- Bankrekeninge
- Saam met 'n groep mense, bv. gooi-gooi, stokvel, ens.
- Assuransie-, uitkeer- en opvoedingspolisse, aftree-annuiteite, pensioen- en voorsorgfondse
- Begrafnisfondse of *umgalelo*
- Bêrekoop eerder as om op skuld (krediet) te koop, waar jy rente betaal.

OP JOU EIE BESPAAR OF AS LID VAN 'N GROEP



As jy op jou eie bespaar, is dit soms moeilik om die pas vol te hou totdat jy jou doel bereik het. Baie banke laat jou net toe om 'n rekening te open as jy 'n formele werk het en 'n loon- of salarisstrokie het om dit te bewys. Banke trek ook diensfooie af, en hulle betaal baie lae rente op jou geld.



Die diensfooie is soms duurder as die rente wat jou geld in 'n bankrekening trek. Maar as jy aan 'n spaargroep of 'n gooi-gooi behoort, hoef jy geen vaste werk te hê nie. As jy saam met ander mense in 'n groep geld spaar, het julle meer geld in die bankrekening as wanneer elkeen alleen spaar, en julle sal dus saam meer rente trek. In 'n groep kan mense mekaar ook beter aanmoedig om gereeld te spaar.

HOE OM MET 'N SPAARGROEP TE BEGIN


Kry 'n groep mense bymekaar wat jy vertrou, wat gereeld sal bespaar, en wat naby jou bly of werk. Voordat julle begin, moet julle oor die volgende sake saamstem en besluit:

- hoe dikwels julle bymekaar kom en waar
- hoe dikwels julle wil bespaar
- hoeveel julle sal bespaar
- hoe julle sal bespaar - in 'n bankrekening, deur saam goedere te koop, gooi-gooi
- hoe en waar julle die bewyse en kwitansies sal hou.

Om 'n klub- of groeprekening by 'n bank te open, het julle 'n grondwet (konstitusie) en reëls nodig, 'n lys van die lede se name en ander besonderhede, en die besonderhede en identiteitsdokumente van die persone wat geregtig sal wees om te teken.

DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

- Bespaar gereeld, ook al is dit net klein bedrae
- Stel 'n begroting op en pas dit ook toe
- Verminder onnodige en luukse uitgawes



WENKE vir spaargroepe

- Deponeer geld binne twee dae van ontvangs.
- Hou rekord van alle onttrekkings - as lede geld wil onttrek, moet hulle dit binne'n dag ontvang.
- Hou al die bankstate of die bankboekie - dit moet minstens een keer per maand nagegaan word, en enige foute moet binne 'n week ondersoek en reggestel word.

HOE OM JOU HUISHOUDELIKE GELDSAKE TE BEPLAN

HOE OM TE BEGROOT

Jy moet begroot om seker te maak dat jy vir jou gesin kan sorg, jou huis in stand kan hou en dienste soos water en elektriese krag kan betaal. 'n Begroting is 'n lys van al die geld wat 'n huishouding binnekom (inkomste) asook van al die geld wat uit die huishouding uitgaan (uitgawes). 'n Begroting kan wekeliks of maandeliks gedoen word.

VOORBEELD VAN 'N MAANDELIKSE BEGROTING



Inkomste		Uitgawes	
Lone		Vaste uitgawes	
Toelae		Skoolfondse	
Pensioen		Huisversekering	
Ander		Ander versekering	
		Afbetaling van huislening (verband)	
Som van inkomste		Plaaslike belasting	
		Wisselende uitgawes	
		Kos	
		Vervoer (trein / taxi)	
		Elektriese krag / parafien	
		Water en ander dienste	
		Spaargeld	
		Klere	
		Luukse uitgawes	
		Bier / alkohol	
		Sigarette	
		Sport / ontspanning	
		Som van uitgawes	

Som van inkomste: R

Minus som van uitgawes: R

Resultaat: R



As jou uitgawes hoër is as jou inkomste, is jy in die moeilikheid. Vaste uitgawes is jou gereelde uitgawes. Dit is die dinge wat jy eerste moet betaal. Wisselende uitgawes is die uitgawes wat van maand tot maand verander. Probeer om hierdie wisselende uitgawes te verminder as jy in die moeilikheid is. Luukse uitgawes is uitgawes vir onnodige dinge - dit is die dinge wat jy slegs kan koop as daar nog geld oor is ná jy jou vaste uitgawes en jou wisselende uitgawes betaal het.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om krediet en lenings verstandig te gebruik
- Hoe om jou huis op te knap



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987